

Skriflesing: Mattheus 24:1-28Teks: **Mattheus 24: 8,13,28**Sing- **Ps. 8:1,2,5; Ps. 61:1,2; Ps. 72:2,6; Ps. 33:8****Mattheus 24:1-28**

Mat 24:1 En Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys.

Mat 24:2 En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.

Mat 24:3 En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?

Mat 24:4 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Mat 24:5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei.

Mat 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

Mat 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke.

Mat 24:8 **Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte.**

Mat 24:9 Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam.

Mat 24:10 En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.

Mat 24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.

Mat 24:12 En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.

Mat 24:13 **Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.**

Mat 24:14 En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.

Mat 24:15 Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet—

Mat 24:16 dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug;

Mat 24:17 wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie;

Mat 24:18 en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie.

Mat 24:19 Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae.

Mat 24:20 En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie.

Mat 24:21 Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie.

Mat 24:22 En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.

Mat 24:23 As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie.

Mat 24:24 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

Mat 24:25 Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê.

Mat 24:26 As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn—moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer—moet dit nie glo nie.

Mat 24:27 Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.

Mat 24:28 **Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.**

Skriflesing: Mattheus 24:1-28

Teks: **Mattheus 24: 8,13,28**

Sing – Ps. 8:1,2,5; Ps. 61:1,2; Ps. 72:2,6; Ps. 33:8

Broeder en suster- Ons het reeds 'n hele aantal weke stilgestaan by hierdie Dinsdag wat deel van Jesus se laaste week op aarde was. Net oor wat op daardie Dinsdag gebeur het, het ons nou al 8 preke gehad... Hierdie dag wat ons in alle geval nog lank sal kan besighou. Jesus was die grootste deel van die Dinsdag binne die tempel-kompleks. Eers in die laat-namiddag het Hy die geboue kon verlaat waar Hy direk voor dit iets gesê het wat die dissipels geweldig ontstel het. *Kyk julle huis word vir julle woens gelaat* (Matt. 23:38). Met die laat namiddagson wat helder die laaste strale oor die baie goud en koper van hierdie heel indrukwekkende geboue laat val het, was dit Jesus en sy dissipels op pad na Betanië om weer by Lasarus en sy susters te gaan oornag soos wat Jesus maar gedoen het die eerste paar nagte van sy laaste week op aarde.

Hulle stap weg van die tempel deur die Kedron-vallei, anderkant weer op teen die steiltes van die Olyfberg. Teen die hoogtes van die Olyfberg gaan Jesus en sy dissipels so bietjie sit om ná hierdie baie besige dag asem te skep. Tog het die dissipels die ideale geleentheid om 'n binne-gesprek, ja iets wat hulle graag net met Jesus in die binne-kring wou bespreek na vore te bring. Hulle kan glad nie verstaan, nog minder kan hulle dit aanvaar dat Jesus die tempel as deel van 'n verwoesting beskryf. Daarom kom die 4 dissipels wat werklik naby Jesus wou wees, Andreas, Petrus, Jakobus, Johannes en met die son se laaste strale daardie Dinsdagnmiddag, alles vanaf die anderkantste berg, goud glansend blinkend sigbaar sien hulle die tempel en hulle sê vir die Here- *Meester kyk watter klippe en watter geboue...*

Hierdie klippe en geboue wat die mens so beïndruk, daar sal nie een op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie. Geliefdes, hierdie enkele stelling, natuurlik 'n baie gelade stelling laat die 4 dissipels nog nader aan die Here net 2 vrae vra. Wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat is die teken wat vir ons sal wys nou is die einde... 'n Tydsvraag en 'n tekenvraag, dis al... maar Jesus het hierdie ou twee menslike vragies – as ek dit so mag noem- gebruik om van die magtigste dinge te sê wat daar nie op 'n ander manier gesê kon word nie. Jesus sê van die magtigste dinge wat daar op hierdie aarde van gepraat kan word, geweldig ingrypend dit wat Jesus se reaksie op hierdie twee vrae was. Ook in ons tyd is daar geen

manier om maar net hiervan kennis te neem nie. Dan maak ons dieselfde fout as die dissipels- mense wat dink hulle kan van buite maar net alles dophou. Dit is asof hulle wou dink ons sal objektief net toeskouers kan wees. By hierdie eerste basiese denkfout, ja ons het verlede Sondag gewys hoe maklik 'n mens se eie voorveronderstellinge met jou kan parte speel, maak hulle 'n nog groter denkfout deur te dink die einde van die tempel en die verwoesting van die stad sal ook die einde wees wat God met hierdie wêreld wil maak. Hulle maak 'n fout om te dink die wêreld se siekbed is noodwendig die wêreld se sterfbed. Dit kan veel eerder 'n geboortebed wees as 'n sterfbed...

Ons het as teksvers die kombinasie van vv 8,13 en v. 28. Vers 8 staan- *8 Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte*. Ons dink dalk hierdie is iets swarmoedig, Jesus sê iets wat ons mismoedig en pessimisties maak want om te hoor van ander of jou eie smarte wat hierdie maar net die begin is, klink alles behalwe positief. Tog het ons eintlik hier met 'n pragtige uitdrukking te doen want smarte – die Griekse **wvdi, nwn** (odin-on {o-deen'}) se letterlike betekenis is hierdie smarte is geboortepyne. Hierdie woord word gebruik vir wanneer 'n vrou aan 'n babatjie geboorte skenk dan is daar pyn ja, die kontraksies en die geweldige seer saamtrekkende aksies in die baarmoeder is op geen manier maklik nie, maar dit is tog alles behalwe 'n pyn wat die dood bring. Hierdie geboortepyne van 'n vrou is pyne wat die lewe bring. Daarom sien sy in haar pyn en deur haar pyn, sommer al heel aan die begin daarvan, nie net haarself raak nie, maar dit gaan vir haar oor hulle kindjie wat hier gebore gaan word.

Dit is waarby Jesus ook sy dissipels by wil uitbring, dat ons moet weet die uur voor dagbreek is die koudste. Daar gaan baie swaar dinge kom. Ons moet die werklikheid in die oë kan kyk, die volle werklikheid oor wat reeds rondom ons aan die gang is. As die dissipels sou dink die vernietiging van die tempel en die verwoesting van die stad is die ergste wat kan gebeur dan moet hulle weer dink.

Wat Jesus dan uit die dissipels se vraag na ons oorbring word veral op die drie mees basiese terreine van die menselebens blootgelê. Die godsdiens- die mensdom in sy politiek en staatkunde en die laaste die natuur. Op die terrein van die godsdiens sê die Here – v.5 *5 Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei*. Dan

wys Jesus wat in die mensdom en in die volkerewêreld en in die politieke geleedere gaan gebeur- vv7 7 *Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander!*,... Ook wys die Here hoe die natuur al hierdie dinge nie gaan vryspring nie... *hongersnode, pessiëktes, ...aardbewings op verskillende plekke.* Ons weet van verskriklike aardbewings in die see...tsunamis!

Ons kan wel hierdie drie terreine onderskei maar nou weet ons dat eintlik kan ons dit nooit heeltemal vanmekaar skei nie. Die ware kerk kan nooit sê dat dit niks met die politiek te make wil hê nie. Wanneer 'n kerk dit wil doen dan kom die kerk in die gedrang want wie moet dan die lig van God se Woord op die politiek laat val as die kerk so blatant hierdie roeping versaak. Die natuur mag nie geskei word van wat genade is nie. Elke tsunami het iets direk vir die kerk te sê!

Ja, geliefdes, die kerk is daar vir die wêreld. God het die wêreld lief maar sy hart is by Sy kerk. Met hierdie vertrekpunt moet ons ook die woorde van Jesus in wat die Profetiese rede uitspel duidelik bymekaar laat kom. Ons moet hfst. 24 lees deur 'n bril met bifokale glase. Die begin van hfst. 24 en so ook Mark 13:1-8 is eerste 'n kyk deur die glase wat vêr moet kan sien. Daar word in die eerste bedryf van die Profetiese rede gewys op die wêreldtoneel. Dinge wat in die algemeen in die wêreld gaan gebeur. En dan vanaf vers 15 is daar 'n stadig maar sekere oorskuif na die Kerk. Hoe sal dit met die Kerk gaan te midde van al die dinge wat in die wêreld aan die gang sal wees. Ook Markus 13 verse 1-4 werk eers met die wêreldtoneel en vanaf Markus 13 vanaf vers 5 bring die Kerk in die wêreld na vore. Dieselfde ook met Lukas 21, die eerste die wêreldse verloop staan in vv 1-11 en daarna kom die kerklike gebeure en verdrukkinge aan die orde.

Wanneer ons al hierdie dinge lees en die gordyne skuif voor ons oop, broeder en suster, dan besef ons dit gaan nie maar net wees gordyne wat oopskuif nie, maar hier is ook gordyne wat die een by die ander verbyskuif, dat ek met die oopskuif van die eerste gordyn nie alles kan sien nie, want ek kyk nog teen 'n tweede stel of selfs 'n derde stel van gordyne vas. Wat wel elk op sy eie moet kan ooptrek maar nie alles gaan oop by die eerste verbyskuif nie. Daar is

heelwat wat moet gebeur voor alles oop sal wees. Dit begin by wêreldgebeure waarby niemand homself kan uitsluit nie...

Nou besef ons lankal dat die dissipels se 2 basiese vrae- wanneer sal al hierdie dinge wees en wat sal die teken by die einde van al hierdie dinge wees, het baie beslis nie sommer 'n maklike reguit en eenduidige antwoord nie. Dinge in die koninkryk is baie keer nie maklik nie en nog minder het die waarheid altyd sommer net 'n eenduidige antwoord. Soos 'n diamant wat nooit maar net 'n bo- en onderkant het nie. So werk die rykdom ook in God en deur wat Hy in sy Woord aan ons openbaar. Dit is kosbaar maar die kosbaarheid blink op baie verskillende vlakke al bly dit een diamant. Dit word 'n hele slyp proses om by al die vlakke te kan uitkom...

Daarom soos die dissipels so moet ons ook weet ons sal by hierdie dinge nie maar net toehoorders of toeskouers kan wees nie. Ons is direk hierby betrokke en ingetrek. En wat dit meer maak- God se môre begin vandag! Dit moet vir u en my 'n wekroep in God se koninkryk wees. As Jesus hierdie laat Dinsdag-middag praat oor dinge wat in die toekoms gaan plaasvind dan gaan dit nie oor 'n verre toekoms nie, maar dit is dinge wat nou direk by jou en my betekenis moet kry. God se môre begin waarlik vandag. Dinge wat vir ons mag lyk dit wys op die einde, is in baie gevalle alles behalwe die einde... Al hierdie dinge is maar 'n begin... (v.8 weer- Hoor wêér hoe die Here dit sê- **8** *Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte...* Let wel dit het maar so pas begin... Hoe lank nog, dit weet niemand nie, dit het Jesus gesê dat die engele weet ook nie, ook nie Hy (Jesus) na sy mensheid nie, dit is net God die Vader wat weet wanneer waarlik die einde sal wees. Al wat eintlik gesê word die einde het maar so pas begin, niemand weet wanneer dit die einde...einde sal wees nie.

Ons moet onself eintlik maar sien as skofwerkers. In hoeveel skofte God die laaste dae in opgedeel het, weet niemand nie. Elkeen staan maar aan die begin van 'n skof in wat God met hom/haar begin en so moet ons ons skof op aarde voltooi, met die gedagte my skof is in God se groot skof indeling voltooi maar hoeveel skofte en hoeveel mense daar nog weer na my gaan kom wat met dieselfde tipe van dinge, dieselfde skofte en met dieselfde roeping besig sal moet wees, kan ek nie sê nie, niemand op aarde kan dit sê nie. Tog geld in almal se skofte

presies dieselfde woorde, ook die Woord van God soos in die Profetiese rede staan. Ons wat maar nog in die begin van die 21 ste eeu is, ons is maar in die 14de jaar van hierdie eeu. Dieselfde woord geld in hóé dit in ons tyd na vore kom, soos wat dit byna 2000 jaar gelede al uitgespreek was, met hóé dit toe moes geld.

Daarom het ons ook as teksverse nie net dat ons eintlik nou maar aan die begin van die einde staan nie, maar ons teksverse was ook- *Wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word* (v. 13) Daarom broeder en suster, ons moet vandag ons moue oprol en dit met die oog op twee dinge. Om te volhard tot die einde toe en om te begin werk vir God se môre wat al vandag begin. **28** *Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.* Moet nie doodgaan op wat jou roeping en jou werk moet wees wat God vandag van jou verwag nie. 'n Dooie liggaam is 'n roeper van aasvoëls, maar 'n lewende liggaam, 'n kerk wat in Christus lewe, omdat Christus lewe sal nie die roeper en lokkers van aasvoëls wees nie, maar die ware lewe lok nie aasvoëls nie, dit lok die lewe in Christus. Dit is wat ons lewe moet lok in wat die lokkende toekoms ook vir ons moet wees. Mense moet na Christus gelok word, Jesus wat sy dissipels vissers van mense wou maak, al sal dit nie maklik wees nie...

Ons hoef nie pessimisties te wees nie, al gaan dit nie goed nie, al wonder ons oor baie dinge, al worstel ons baie hard en baie swaar met van die dinge in ons tyd, wie pessimisties gaan word oor wat die Profetiese rede ons meedeel is alles behalwe op die regte manier hiermee besig. Daar is so baie om te doen, te midde van alles wat om ons aan die gang mag wees wil God jou waarsku maar God wil jou ook betrek. En dit wat God dan vir ons almal wil sê is dat ons het nie nodig om verskrik te wees nie. Markus 13:7 sê dit ook so duidelik- **7** *Maar wanneer julle hoor van oorloë en gerugte van oorloë, moet julle nie verskrik word nie, want dit moet kom. Maar dit is nog nie die einde nie.* As Jesus sê ons moet nie verskrik word nie, dan is die woord in die Grieks **groew** threo {thro-eh'- en hierdie woord het in hom ingebou ons moet met durf aangaan. Ons moet braaf kan wees. Ons moet dapper/ moedig/ onverskrokke wees, dit is alles in die woord ingebou, want as God vir ons is, waarom het ons rede om verskrik te wees. 'n Vroom mens kan nooit 'n bang mens wees nie.

Daarom geliefdes, u het gehoor hoe Christus die dinge beskryf, dinge op godsdienstige terrein kan misleidend raak, waarby onself mislei kan word. Ons moet nie dink dit gebeur net met andere nie. Dit kan ook met ons gebeur. Misleiding en verleiding word die kerk nie gespaar nie. Daarom moet nie alles glo wat selfs in die kerk vir jou en my gesê word nie. Juis in die kerk moet ons die geeste op die proef stel. Nie alles wat as christelik aangebied word kom van Christus nie. As iemand sê - so spreek die Here, dan moet ons eers baie seker maak is dit werklik God se Woord wat tot ons kom. Christus het gewaarsku teen die valse Messiasse wat na vore gaan kom. Mense gaan Christus se wonderwerke wil probeer naboots.

Ag, sommer kort na die hemelvaart het die dinge al begin. Hiervan het ons 'n duidelike voorbeeld in Hand 5:36. **36** *want nie lank gelede nie het Theudas opgestaan en gesê dat hy iets besonders was. By hom het 'n aantal mense—omtrent vier honderd—aangesluit.* Dit was nou wel 'n klein gevolg, want Theudas is wel gou gesien as iemand waarna mens nie kan luister nie, maar ons besef soortgelyk aan Teudas het daar baie mense weer hulleself as besonders, as verlossers van ander wou voordoen en word hulle ook so voorgehou. Mense wat dink hulle is besonders, hulle is iemand uniek, hulle hou hulle voor as verlossers in hierdie wêreld, moet dit glad nie glo nie! Daar was al baie sulke mense, daar sal nog altyd weer sulke mense wees. Dit wat in die laaste tyd rondom die persoon van die ontslape mnr. Nelson Mandela gedoen word, is ook 'n bevestiging van hierdie waarskuwing en hierdie dwaling. Die wêreld wat dit werklik wil laat klink asof hy 'n messias vir ons was. Die profetiese rede staan hier uit...

Die volgende blootlegging van Jesus wat die toekoms aanbetref raak die politiek en die staatkunde. **6** *En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.* **7** *Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander...* Soos op godsdienstige terrein, so gebeur dit ook in die politiek. Daar kom allerhande beroeringe, maar ons moet nie paniekbevange raak nie. Ons moenie verskrik word nie. Ons moet die durf en die moed aan die dag lê om God se Woord tot die einde toe te bly uitdra en verkondig. Dit moet ons deurlopend onthou dat die gedeelte waaraan hierdie Profetiese rede in al sy dele sal saamval is dat die Woord van die Here eers aan almal verkondig moet word.

Die derde wat Jesus gewys het rondom dinge wat gaan gebeur is in die natuur en in ons omgewing. Dit wat bekend staan as aardverwarming, die gat in die osoonlaag, dit sluit hierby aan. Hoe die natuurlike habitat van sovele spesies in God se skepping uitgeroei word. Besoedeling met al die siektes wat dit meebring, dat ons in 'n land en wêreld sal moet lewe waar dit al vuiler word, water al skaarser.

Jesus wys ook op die dinge in die natuur - *daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke*. Ja, ons weet dit is dinge wat alreeds op baie plekke gebeur. Party baie erger as ander, maar daar was al verskriklike aardbewings en tsunami's wat plaasgevind het. Ons dink aan 11 Maart 2011 aan wat in Japan gebeur het, op 26 Des 2004 in Indonesië (Soematra)-230 000 mense dood. Ja, daar is 'n webwerf wat jy kan besoek, bloot deur te vra wat die grootste aardbewings en tsunamis op aarde al was... Daar word die grootstes aangedui... Een interessante feit is dat daar ook 'n opgetekende geval staan van 'n tsunami wat op 20 Sept. 1498 ook in Japan was, waarin 31 000 mense dood is. Dit alles oor tektoniese plate wat diep in die see oormekaar skuif, tot plekke waar dit 30km onder die water, diep in die aardkors, kan wees en daardie aardbewing in die see trek dalk aanvanklik ongemerk in die dieptes sy pad, maar dit kan tot 800km/h beweeg. So vinnig soos 'n straalvliegtuig. As dit na die strand toe kom, dan is dit 'n ander storie. Dan kan dit die verskriklikste golwe word, ja tot 10m hoog die lug in. In van die gevalle het dit 5km vêr die land in mense laat verdrink en alles weggespoel. Dit is waar die woord tsunami ook vandaan kom. 'n Hawegolf, want *tsu* beteken hawe en *nami* is 'n golf. Vissers het aanvanklik die naam gegee want hulle het nie die verskrikking binne die see kon agterkom nie, maar toe hulle op die hawe kom, toe is dit uitmekaar en oorstroom... Alles het gelyk soos 'n hawestorm!

Al hierdie dinge moet ons as kerk eintlik net meer en meer aanspoor dat ons moet doen wat God van ons verwag. Ons leef in die tyd tussen die koms en die Wederkoms waar die dinge in die natuur gebeur, maar nou weet ons wat staan in die Profetiese rede uitgespel... verdrukkinge en doodslag, haat en bloedvergieting, verraad en struikeling, misleiding en valsheid, verkoelde, verkilde liefde wat op alle terreine gaan voorkom. Buite die kerk, selfs

binne die kerk, wat ons al die dinge moet raaksien, maar ons besef daar kan nog baie meer gebeur, dan is dit wat ons gedink het die einde is, alles behalwe die finale gewees.

Dit is God wat 'n nuwe begin kan maak, in hierdie bedeling waarin ons is, terwyl ons sou dink nou is dit die einde... Onthou dit by hierdie voorbereiding van Nagmaal... die aarde se siekbed is nie 'n sterfbed nie maar 'n geboortebed. Ons het nie 'n wêreldnag voor ons nie, ons staan eintlik voor die dagbreek van die nuwe môre. Gaan volhardend met u roeping voort, ons vier DV volgende Sondag volhardend weer die Nagmaal, want moet ons leef met die gesindheid dat God se môre begin vandag... Al leef ons in 'n moeilike wêreld, Christus het reeds die oorwinning behaal. In sy oorwinning moet ons voortgaan. Tussen die storms in die natuur en tussen die ontredding van die mensdom gaan dit daaroor dat ons eintlike voorbereiding moet verder strek as net die voorbereiding vir Nagmaal. Ons moet werklik voorberei wees met die gedagte die Here kan nou oor 'n uur weer kom. Dalk eers oor 1000 jaar/ 2000 jaar... Ons moet elke oomblik gereed wees soos wat Jesus se gelykenisse-die waaksaamheidsgelykenisse die een na die ander dit uitspel. Ons moet daarby ook kom.

AMEN